VERSLAG: MOREMI - SEPTEMBER 2004
Dries Boshoff

Miskien is dit nie altyd goed nie, maar om soms op die ingewing van die oomblik iets te doen kan opwindend wees. Chris kry 'n uitnodiging om na Moremi te gaan en na die hoogste vlakke in 60 jaar te gaan kyk. Natuurlik bied ek aan om vrywillig saam te gaan. Hy is verlig want ons het net vyf dae tyd. Dis 'n lang pad en 'n ekstra drywer sal help. Nooit besef dat geheelonthouers so 'n pyn in die nek kan wees as mens verversings op pad wil geniet nie. Vra Chris se vrou, Magda, wat saam is. En ek mag nie eers in die Nissan rook nie. Sawwe karretjie wat so maklik beinvloed word deur 'n dampie. Magtag, ek moes amper 'n afskaffer word! Volgende keer gaan ek saam met my soort.

Anyway, die Hardbody is vinnig gepak en ons het eers later agtergekom met hoe min mens regtig oor die weg kan kom. (Lees - Ons het vergeet om heelwat goed te pak.) Vergeet dus van al die stories van behoorlike beplanning. Sorg dat die vrieskas werk - vir die EINDE van die dag, in hierdie geval.

So teen seweuur die aand in die pad geval na Ellisras. Deur Thabazimbi en toe is Ellisras net weg. Ons land op 'n grondpad wat later net beter as 'n tweespoor sandpad raak. Magda slaap. By die kruisings lees ons die borde. Name is daar maar dit is nie op ons kaart van Suider-Afrika nie. Volgende kruising - selfde storie. Ons voel naderhand ons is dalk op die verkeerde kaart. Na omtrent 2 ure kom ons weer by die teerpad uit. By die kruising is dit nog meer verwarrend. Daar is 'n rigtingwyser wat LEPHALALE wys. Nie een van ons het nog van so 'n plek gehoor nie, wat nog gesien. Dit dring uiteindelik tot ons hoogs-analitiese breins deur dat dit ons in die Nuwe Suid-Afrika is. Daar is dalk net 'n kans dat Ellisras anders gespel word?

Vat toe maar die kans en sowaar, Ellisras is nog waar hy altyd was. Die Spur bly die langste oop in die plek. Dis nou inligting vir diegene wat ook sulke skerp breins het soos ons en nog ietsie wil eet. Ons het oorgeslaap by die lodge in die dorp. Heel skaflik teen die prys en die ouens is so vriendelik in die kroeg dat hulle aan jou hang. Dis of hulle sterkte uit mens put, want die oomblik as jy wegbeweeg lyk dit of hulle wil omval. Die nagapies het groot pret verskaf, maar ek wonder of hulle nie dalk die takke beter sal raakspring in die dag nie. Dis gevaarlik so in die donker.

Ons gaan Botswana vroeg die oggend deur by Parr's Halt want lorries mag nie daar deurgaan nie en sal mos baie vinniger as Maartin'sdrif gaan. Net jammer dat 'n konvooi werkers van een of ander maatskappy ons net-net voorspring. Een ou se hakskene lyk soos Dooiepan van Sossusvlei. Twee ure later is ons op pad na Francistown en Nata. Hier bel ons Chris se pêl op Maun om te sê ons is op pad.

So 'n uur of wat voor Maun raak die daglig op en die donkies, beeste en bokke begin teerpad vreet. Hoekom anders is hulle daar? Sekerlik nie om inspeksie te doen nie? Die donkies kan ek nog verstaan - hulle oefen hul kamoefleerkuns. Deksels, maar mens trap die goed met moete mis! Daar kom toe 'n Botswana voetuig by ons verby met ligte wat die dorings van die bosse afbrand. Elke keer as hy rem aanslaan sit hy sy gevaarligte aan. Wonderlik, nou hoef ons net sy aanduidings te volg. Sommige engele het wiele.

Johan wat beeste vetvoer en verkoop kry ons by die Steers in Maun. Na 'n ligte ete gaan ons na Pierre (van Ponta Malangane faam) se plaas so 10km Oos van Maun. Daar's 'n lapa so groot soos 'n huis waar ons slaap. Die Botetirivier het hoog opgestoot en daar is seekoeie wat huh-huh-huh lag. Hulle moes 'n paartie gehad het. Nie in my lewe gedink paddas kan so lawaai nie. They must be African. Sal DDT vir hulle ook werk, want al daai muskiete het dit nodig?

Vroeg die oggend is ons op pad na Moremi. Toegangsgeld is skrikwekkend. Ek haat die hele "low impact, high income" idee. Ons is geweldig beindruk om 'n kameelperd te sien. Wys jou dis 'n wilde area hierdie. Die diere is nie vasgemaak sodat jy hulle langs die pad sien nie. Ons kom by die bootkonsessie aan en maak kamp staan, seker so 50 meter van 'n kanaal. Met sononder vat 'n aluminiumskuit ons uit na die hoofstroom. Gat-om hierdie kant toe en dan gat-om daai kant toe, om deur die kanaal te weef.

Ek vra ons gids waar al die diere is en hy sê dat hulle skaam is. Sê toe vir hom ek is nie skaam nie, waarop hy sê dat ek dit vir hom moet wys as ons 'n krokodil teëkom. Al wat ons toe sien tot

sononder is voels. By 'n vals eiland is daar 'n broeikolonie met reiers en ooievaars. Onder die neste lê 'n moerse krokodil. Ek ruk my skoene en T-hemp af en vra ons gids vir 'n stuk tou om die krokodil se bek mee vas te maak. (On)gelukkig weier hy toe - sy etiese optrede as professionele gids verhoed dit. My krokodilvang moes ek toe maar gelate laat vaar.

Met die son reeds onder kry ons toe darem 'n seekoei en twee klein groepies olifante wat baie skaam was en nie wou hê dat ons hulle van nader besigtig nie. Maak dit terug by die kamp met maanlig. Nou moet ek noem dat die moerasse vir my 'n groot teleurstelling was. Die prentjie in my kop het dit dat daar pragtige vingers en kanale water is. Dat daar grasvlaktes is met bome hier en daar verspreid. Dat mens so sal uitkyk op die vlaktes gras en die diere sien huppel en baljaar. Nie so nie. Die walle se welige groei is seker drie meter hoër as wat die grond is. Mens sien niks. Dat mens jouself so kan mislei? Dis al daai lugfotos se skuld!

Nou begin die pret. Ons maak 'n vuurtjie vir die vleis. Ons gids was verkeerd. Die hyenas is nie skaam nie. Geritsels in die hoë gras om ons word later blink oë in die donker as jy die handskyn so oor dit swaai. Hulle raak met tyd al hoe minder skaam en draai net 'n paar tree weg as jy hulle jaag met 'n stok. Die vuurjie word 'n vuur. Dis nou dubbeldoelig. As ons versigtig is kan ons dalk 'n paar kole uithaal vir 'n vleisie ook. Johan bereken die metode hoe hy en sy dogter Veronica op die Patrol se dakrak kan slaap, maar daar's nie regtig plek nie. Ons bespreek die begrippe "fate" en "destiny". My gedagtes sê vir my ek sal maar inkruip in die tentjie met die graaf sodat die hyenas dit nie kan wegdra nie.

Daar's skielik 'n geweldige geraas. Harder as wat die gille uit sekere monde gekom het. Ons was slim genoeg om binne meters van 'n tradisionele olifantroete te kamp. Nou kon ons die volle glorie van al hulle geluide ervaar sodra hulle ons ruik. In die vol maan sien ons hulle eers stilstaan en dan ander koers inslaan. Op 'n stadium was een nie heeltemaal skaam nie en het in ons rigting beweeg, met slurp omhoog, sy trompet geblaas en die simbale langs sy kop geklap. Mense beweer dat vandag se kinders nie fiks is nie maar ek kan hulle verseker dat Veronica 'n verskriklike vinnige wegspring het.

So was die nag dan. Hyenas wat rondsnuffel tussen die tente. Olifante wat nou en dan verras was met die geur van ons teenwoordigheid. Die graaf was veilig by my en almal het opgestaan met water in hul oë omdat niemand 'n draaitjie wou loop in die nag nie. Magda moan dat dit bitter koud was in die nag. Ek weet nie daarvan nie, die ganse het my warm gehou. Welkom sonskyn! Het julle regtig gedink net kinders is bang vir die donker? Doen diepe selfondersoek!

Ons pak rustig op en ry lui-lui terug na Maun. Daar is baie meer diere hierdie keer. Veronica is naderhand kwaad vir haarself. Vandat ek genoem het dat die bome ideaal vir luiperds is, is sy besig om elke boom obsessief-kompulsief na te gaan. Die weer steek op en druppels val wanneer ons Moremi verlaat.

Ons maak die aand kamp by Johan op die plaas buite Maun. Sy Arabiere is nogal voor op die wa en druk kort-kort hul snoete in waar dit nie hoort nie. Die volgende oggend neem ons die pad verby die Sentraal Kalahari Park na die Khama Rhino Sanctuary naby Serowe. Dis 'n baie korter pad as die een waarmee ons gegaan het. Daar is 'n stuk teerpad wat verval het tussen Rakops en Mopipi maar met versigtigheid is dit nie 'n probleem nie.

Die Khama Rhino Sanctuary se kampplekke is uitstekend en het seker die lekkerste storte in Afrika. Vroegoggend gaan ons vir 'n wildrit waar ons blouwildebeeste, koedoes, witrenosters en nog veel meer van naby sien. Dan gaan ons via Serowe, Mahalapye en by Maartin'sdrif deur die grens. Dit is stil en gaan baie vinnig. Dit is ook die eerste grenspos waardeur ek op ons landsgrense is waar die fasiliteite van 'n buurland beter is as die van Suid-Afrika.

Is Moremi die moeite werd? Eintlik was ons te kort daar om regtig 'n opinie te waag. Nie as jou prentjie is soos myne was nie. Miskien ook nie die area waar ons was nie. Mens mag nie eers 'n vissie vang nie. Iets soos Pula 5000 boete of 50 jaar gevangenisstraf.